



FW de Klerk

STIGTING

Handhawing van Suid-Afrika
se Nasionale Akkoord

**“Die FW de Klerk
Stigting
se missie
is om die Grondwet
te ondersteun en
te bevorder.”**

FW de Klerk se nalatenskap

Gedurende sy presidentskap van 20 September 1989 tot 10 Mei 1994 het FW de Klerk:

- **die onderhandelingsproses inisieer** wat Suid-Afrika in staat gestel het om die ingewikkelde historiese kwessies en konflikte op te los wat die land vir eeue verdeel het;
- **voortdurend gewerk** vir die aanvaarding van Suid-Afrika se eerste nie-rassige demokratiese Grondwet; die land se eerste Handves van Regte en vir die oppergesag van die reg;
- **die laaste tekens van apartheid ontbind** en die weg gebaan vir versoening tussen alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe, gebaseer op respek vir diversiteit en die verbondenheid tot nasionale eenheid.

Op 10 Desember 1993 ontvang FW de Klerk en voormalige President Nelson Mandela die Nobelvredeprys. In 1999 stig hy die FW de Klerk Stigting om die nalatenskap van sy presidensie te bevorder en beskerm.




“Die Grondwet is die grondslag van ons nasionale eenheid en dit waarborg ons fundamentele regte.”

FW DE KLERK, EMERITUS-VOORSITTER
VAN DIE FW DE KLERK STIGTING

Die FW de Klerk Stigting se missie

Die Stigting bevorder en beskerm FW de Klerk se presidensiële nalatenskap deur dít waarvoor hy gewerk het tydens sy presidensie, te steun. Die Stigting:

- steun en bevorder die Grondwet, die Handves van Regte en die oppergesag van die reg deur die aktiwiteite van die Sentrum vir Grondwetlike Regte;
- bevorder eenheid in diversiteit deur te streef na goeie intergemeenskaplike verhoudinge en nasionale eenheid deur die aktiwiteite van die Sentrum vir Eenheid in Diversiteit;
- steun liefdadigheidsorganisasies wat omsien na gestremde en benadeelde kinders;
- verstrekk inligting oor FW de Klerk se presidensie en die faktore wat gelei het tot Suid-Afrika se oorgang na 'n nie-rassige grondwetlike demokrasie.



Uitdagings

Alhoewel Suid-Afrika merkwaardige vordering gemaak het sedert 1994, is daar steeds baie uitdagings wat aangespreek moet word:

■ **Grondwetlike transformasie het nog nie die lewens verbeter van `n meerderheid van die bevolking nie.** Suid-Afrika is een van die mees ongelyke gemeenskappe in die wêreld; die onderwysstelsel het die groot meerderheid van ons kinders in die steek gelaat. Amper die helfte van die bevolking lewe in armoede en en meer as 40% van mense tussen die ouderdomme van 16 en 65 is werkloos.

■ **Die Grondwet is onder druk.** Belangrike bepalings wat die onafhanklikheid van die regbank, eiendom, taal, kultuurregte en die oppergesag van die reg beskerm, word bedreig.

■ **Daar is min konsensus oor ekonomiese en sosiale transformasie.** Suid-Afrika se grondwetlike transformasie het geslaag omdat dit die eindproduk was van inklusiewe onderhandelings. Daar was egter min of geen onderhandelings oor verrykende sosiale en ekonomiese transformasie beleide nie. Met die gevolg dat:

■ **Rasseverhoudinge steeds broos en sensitief is.** Suid-Afrikaners van verskillende rassegroepe het baie verskillende opinies van die verlede en oor oplossings vir die probleme wat die land ervaar. Baie wit mense, bruin mense en Indiërs voel vervreemd en ervaar regstellende aksie as `n nuwe vorm van rassisme. Baie swart mense voel dat te min nog verander het.

Wat moet gedoen word?

- **Ons moet die Grondwet steun.** Suid-Afrika se toekomstige vryheid, politieke stabiliteit en ekonomiese welvaart is direk afhanklik van ons vermoë om ons Grondwet - die produk van versigtige onderhandelinge, te handhaaf.
- **Ons moet verhoudinge tussen ons gemeenskappe koester.** Ons moet die intergemeenskaplike harmonie handhaaf deur wedersydse respek vir ons diverse kulture te bevorder; deur enige rassisme teen te staan en deur te streef na nasionale eenheid;
- **Daar moet voortdurende kommunikasie** tussen gemeenskappe, die sakewêreld, arbeid en die regering geskied ten einde konsensus te bereik oor oplossings vir ons nasionale probleme;
- **Ons moet saamwerk om die probleme in ons samelewing te takel**, met inbegrip van ongelykheid, onderwys, werkloosheid, misdaad en korrupsie.

Hoekom die FW de Klerk Stigting?

- **FW de Klerk is een van die stigters van die Grondwet.** Hy glo dat hy 'n voortgesette plig het om die Grondwet te verdedig en bevorder.
- **FW de Klerk het ongeëwenaarde ervaring** in konflikoplossing en die bestuur van ingewikkelde onderhandelings.
- **FW de Klerk is in 'n goeie posisie** om 'n positiewe rol te speel. Hy is nie meer by aktiewe party politiek betrokke nie. Hy het 'n groot invloed by Suid-Afrika se minderheidsgroepe en met 'n breë spektrum van politieke en sakeleiers in Suid-Afrika.
- **FW de Klerk word erken deur die internasionale gemeenskap** as wenner van die Nobelvredesprys, voorsitter van die Global Leadership Foundation en deelnemer aan internasionale forums.
- **Die Stigting is 'n klein, professionele en kostedoeltreffende organisasie.**

Wat doen die FW de Klerk Stigting?

Die Stigting implementeer die volgende programme:

Bevorder en verdedig die Grondwet

Die Stigting het die Sentrum vir Grondwetlike Regte gestig om:

- die waardes, regte en beginsels in die Grondwet te **bevorder**;
- ontwikkelings te **monitor** wat die Grondwet kan raak;
- **deel te neem** aan die nasionale debat oor grondwetlike aangeleenthede;
- om mense **by te staan** om hul grondwetlike regte op te eis;
- **voorleggings te maak** aan die Parlement en die Hoofstuk 9-instellings;
- en om **die Grondwet** in die howe te **verdedig**.

Bevordering van eenheid in diversiteit

Die Stigting het die Sentrum vir Eenheid in Diversiteit gestig om:

- **ontwikkelings te monitor** wat intergemeenskaplike verhoudinge kan raak;
- enige **diskriminasie teen te staan**;
- **kulturele, taal- en godsdienste te steun** en te streef na nasionale eenheid;
- **deel te neem aan die nasionale debat** oor intergemeenskaplike verhoudinge en die regte van kultuur-, godsdienste- en taalgemeenskappe;
- **kommunikasie te bevorder** deur die aanbied van konferensies en werksinkels.

Steun liefdadigheidsorganisasies

Die Stigting:

- **steun gekose liefdadigheidsorganisasies**. Dit het meer as vier miljoen rand aan organisasies versprei wat gestremde en benadeelde kinders bystaan;
- **het 'n ondersteuningsprogram** vir skenkers om geld vir liefdadigheidsorganisasies in te samel.

Verstrek inligting oor FW de Klerk se presidensie

Die Stigting:

- **verstrek inligting oor FW de Klerk se presidensie** en die faktore wat gelei het tot Suid-Afrika se oorgang na nie-rassige grondwetlike demokrasie; en
- **streef na 'n gebalanseerde verstandhouding** oor Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Kontakbesonderhede

- **Adres:**
Zeezicht-gebou, Tygerberg Park,
Uys Krige-rylaan 163, Plattekloof, 7500,
Suid-Afrika
- **Posadres:**
Posbus 15785, Panorama, 7506, Suid-Afrika
- **Telefoon:** +27 21 930 3622
- **Faks:** +27 21 930 3898
- **E-pos:** info@fwdeklerk.org
- **Webtuiste:** www.fwdeklerk.org

 facebook.com/FWdeKlerkFoun

 twitter.com/FWdeKlerkFoun

Skenkingbesonderhede

NWO-nummer: 031 061 NPO

- **Bank:**
ABSA Privaatbank
- **Rekeningnaam:**
FW de Klerk Foundation Trust
- **Rekeningnommer:**
406 009 2839
- **Takkode:**
632005



FW de Klerk
STIGTING